

Die BYBEL

'n direkte vertaling

In die vorige uitgawe van *Die Saaier* het ons die eerste deel van 'n gesprek met prof Bernard Combrink, die projekteur van die Afrikaanse Bybelvertaling waaraan tans gewerk word, gepubliseer. Hier volg deel twee.

Die Saaier: Vertel ons iets meer oor die uitdagings waarmee die vertaling te kampe het.

Prof Combrink:

Sommige mense beweer dat sekere dele (van die 1933/53-vertaling) weggelaat word. Dié beswaar is reeds teen die 1983-vertaling gelug. Onthou net dat daar geen oorspronklike Bybelboek beskikbaar is nie. Die gedrukte Griekse en Hebreeuse (Aramese) brontekste is saamgestel uit duisende afskrifte van afskrifte deur die eeue. Soms is iets per abuis weggelaat, of is met opregte bedoelings 'n bekende woord of vers bygevoeg wat vermoedelik deur 'n vorige afskrywer per abuis weggelaat is. Omdat daar aan die begin met die 1933-vertaling ook weerstand was teen 'n Afrikaanse vertaling, is besluit om nie af te wyk van die brontekste van die Nederlandse Statevertaling (1637) nie. Dié vertaling het vir die Nuwe Testament hoofsaaklik berus op laat handskrifte uit die 13de en 14de eeu. So het minder betroubare lesings en latere invoegings deel geword van die Statevertaling en die 1933-vertaling se brontekste. Die 1983-vertaling en die



huidige vertaling maak van die beste beskikbare brontekste gebruik waarin van hierdie latere invoegings nie voorkom nie.

Die Saaier: 'n Petisie teen die vertaling beweer dat (woordeliks aangehaal) "Jesus Christus, die Seun van God, as 'n gewone mens omskryf" word asook dat die

vertaling "Beoog Om Jesus Christus Totaal En Al Uit DIE MESSIAANSE PROFESSIEë Uit Te Vertaal, Deur KLEINLETTERS Te Gebruik Inplaas van GROOT LETTERS." Verder: "Met Jesus Christus uit hierdie Nuwe vertaling (2016) word die GODHEID VAN JESUS CHRISTUS Totaal en al wegvertaal, en kan ENIGE (NEW AGE) god nou in hierdie skrifgedeelte in geredeneër word".

Prof Combrink: Ds Gerrit Kritzinger het hieroor verklaar: "Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) wil hom ten sterkste teen hierdie e-posse uitspreek aangesien dit van alle waarheid ontbloot is."

Sommige persone en kerke het ook ná die 1983-vertaling beswaar gemaak teen kleinletters in Messiaanse tekste. Waar die

1933/53-vertaling in Jes 53:4 van die Kneg van die Here sê: "Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte — dié het Hy gedra;" lui die 1983-vertaling "Tog het hy ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra". Net soos die vertalers van die 1983-vertaling eerbiedig die huidige vertalers die Nuwe-Testamentiese verstaan van die Ou Testament en aanvaar sonder voorbehoud die Ou Testament as deel van die Christelike Bybel. Die vertalers is deeglik daarvan bewus dat daar vir die Nuwe Testament op bepaalde plekke in die Ou Testament, naas die gewone ook 'n "verborge" of "dieper" betekenis is, wat verwysings is na Christus en dit wat Hy sou kom doen. Aangesien die kerke se vertaalopdrag vir hierdie direkte vertaling (sien vorige uitgawe) meer voetnote moontlik maak, kom daar nou by Jes 53:4 'n voetnoot: "In Matt 8:17 aangehaal as 'n heenwysing na Jesus Christus" en by Matt 8:17: "Aanhaling uit Jes 53:4 as heenwysing na Jesus Christus." Sodoende word die leser se aandag gevestig op die Nuwe-Testamentiese verstaan van die gedeelte, maar sonder verlies van die betekenis daarvan in sy Ou-Testamentiese verband. Die oorgrote meerderheid Bybelvertalings in alle tale oor die eeue tot vandag gebruik nie hoofletters vir die persoonlike voornaamwoorde in die Messiaanse profesieë nie. Waar die Statevertaling aanvanklik uitvoerige kantaanteninge gehad het, is dit ook met kleinletters geskryf. Eers ná ongeveer 1900 (toe die kantaanteninge verval het), het die Statevertaling begin hoofletters gebruik en só is dit toe ook in die 1933/53-vertaling gebruik.

"Vir die Bybelgenootskap en die vertalers is geloof in die drie-enige God ononderhandelbaar."

Sommige kerke het die BSA wel oor hierdie saak van hoofletters genader en die BSA is die afgelope twee jaar met daardie kerke in gesprek. Daar is kerke wat, soos in die 1983-vertaling, die gedeeltes in die Ou Testament met kleinletters gedruk wil hê, en daar is 'n paar ander kerke wat, soos in die 1933/53-vertaling, die

betrokke gedeeltes met hoofletters gedruk wil hê. Die BSA is besig om op baie verantwoordelike wyse, met al die

kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, hierdie saak te hanteer.

Die ongeveer 140 medewerkers is toegewyde mense wat in groot afhanklikheid van God en sy Gees met die vertaalwerk besig is. Ons wil dit baie duidelik stel dat vir die Bybelgenootskap en die vertalers die geloof in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, ononderhandelbaar is, en die BSA of sy medewerkers sal nooit, soos die petisie beweer, die Godheid van Christus misken nie of op enige wyse daartoe bydra "dat Jesus Christus gelykgestel sal word aan enige (New Age) god" nie. Sodanige bewerings tas die integriteit en geloofsoortuiging van die BSA en die vertalers aan en word in die sterkste taal verwerp.

Die Saaier: Prof, wanneer kan ons iets van hierdie vertaling in druk verwag?

Prof Combrink: Bybelvertaling bly maar 'n lang en moeisame proses. Lesers van *Die Saaier* kan darem reeds by www.nuwekerkbybel.co.za gaan kyk na van die beskikbare tekste wat daar geplaas word vir kommentaar. Ons hoop ook om teen die einde van 2013 of vroeg 2014 die Nuwe Testament en miskien die Psalms te publiseer.